Vlakte Bonsmarastudiegroep laat telers Noorde toe kyk

Deur Izak Hofmeyr

Die Vlakte Bonsmarastudiegroep bestaan uit 'n stuk of 18 lede, waarvan nege stoettelers is. Van die begin af het die groep ten doel gehad om ernstige kommersiële telers saam te snoer en daarna saam te groei en genetiese vooruitgang na te streef, om oor tyd meerderwaardige Bonsmaragenetika aan die bedryf beskikbaar te stel.

Aanvanklik, sê André van der Heyde, het hulle hoofsaaklik gepoog om aangepaste diere vir die Bosveld-omgewing in die Limpopo-provinsie te teel en te selekteer, maar daardie mikpunt het mettertyd verskuif na die hele land.

"Ons vind dat diere wat in ons omgewing aangepas is, die vermoë besit om eintlik op enige plek in die land van krag tot krag te gaan. Ons lede boer oor 'n redelike wye gebied wat soet en suur bosveld insluit. Die gebied strek van Roedtan in die noorde, tot by Settlers in die suide."

Ontstaan en teelbeleid

Die studiegroep is deur vyf telers gestig: Tian Kruger, Hardus de Beer, Cheem Prinsloo, Johan Mong en Jean Gouws. Nuwe lede het op uitnodiging bygekom, gebaseer op die vereiste dat nuwe toetreders die hoë standaarde wat gestel is, kan navolg en 'n passie vir die rooi beeste het.

André noem oom Willie Kruger by name. Hy is 'n paar jaar gelede oorlede en was 'n groot dryfveer agter die stigting van die studiegroep. Hy was ook baie gesteld op die betrokkenheid van die Roedtan-gemeenskap by die veilings.

Soos die standaarde egter as gevolg van beter kuddebestuur, streng seleksiekriteria, die gebruik van geregistreerde bulle en beter rekordhouding verbeter het, het van die kommersiële telers gevind dat hul kuddestandaarde weinig verskil van dié van die stoettelers. Van hierdie telers het toe met groot sukses hul eie stoeterye geregistreer.

'n Belegging wat sy sout werd is

Die totale kudde in die studiegroep bestaan tans uit sowat 4 000 koeie, waarvan ongeveer 2 000 in die stoetkuddes loop. Al die lede, sê André, belê baie geld en tyd daarin om die beste moontlike genetika na die studiegroep te bring. Twee lede is byvoorbeeld deel van die konsortium wat die duurste bul (LAR 14-173) in die geskiedenis van die Bonsmara Beestelersgenootskap se bestaan gekoop het.

"Vanweë die diverse aard en teelbeleid van ons onderskeie telers, word geen spesifieke teelbeleid opgedring nie, bloot as gevolg van die unieke samestelling van ons gewaardeerde koperskorps. Daar word gepoog om te voldoen aan die markvraag wat wissel van vroegryp, mediumraam *Bos taurus*-tipe diere, tot die meer *Bos indicus*-tipe diere.

"In kort wil ons 'n vroegryp dier vir die voerkraal teel, sonder om die gehardheid van die *Indicus*-teellyne te verloor.

Die meeste van ons kopers is afkomstig vanuit die sentrale, noordelike en westelike Bosveld en vereis 'n balans in vroegrypheid en gehardheid. Hoewel persoonlike markvoorkeure en ekonomiese tendense die vraag dikteer, word geen kompromie aangegaan rondom Bonsmara-rasstandaarde wat bouvorm, vrugbaarheid en die gebruik van geregistreerde bulle betref nie."

Die effek hiervan, sê André onomwonde, is dat voerkrale bereid is om 'n premie te betaal vir speenkalwers uit hul studiegroep. Die rede is dat die kalwers gesond en groeikragtig is as gevolg van streng genetiese seleksie en 'n nougesette inentingsprogram.

Streng keuring

Afgesien van die gesondheidstandaarde waaraan alle diere op die veilings moet voldoen, word elke dier ook deur 'n groep Bonsmarakeurders gekeur.

"Drie of vier weke voor die veiling word deelnemende plase besoek en elke dier wat vir die veiling geoormerk is, word volgens die Bonsmarastandaard gekeur.

Sleg sowat 30% van die top geselekteerde bulletjies in die Fase D- en veldgroeitoetse word uiteindelik op die veilings aangebied.

Die drie kriteria wat vir ons as groep ononderhandelbaar is, is bouvorm, gebalanseerde teling en vrugbaarheid.

"Wat gebalanseerde teling betref, waak ons teen uitskietereienskappe en oormatige seleksie vir een bepaalde eienskap. Ons streef daarna dat elke dier se indeksprofiel 'n balans van al die ekonomies belangrike eienskappe volgens die rasgemiddelde weerspieël."

Een aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, beklemtoon André, is die gesamentlike stoetkudde van nagenoeg 2 000 vroulike diere waaruit bulle jaarliks geselekteer word. Dit op sigself sorg vir baie streng seleksiedruk. Slegs sowat 30% van die top geselekteerde bulletjies in die Fase D- en veldgroeitoetse, word uiteindelik op die veilings aangebied.

Jaarlikse veilings

Die studiegroep bied elke jaar drie veilings aan. Afgesien van die speenkalfveiling in Julie, is die produksieveiling in Mei gefokus op vroulike diere met 'n goeie aanbod van bulle, en dan die tradisionele bulveiling in Oktober, waar 'n goeie mengsel van top bulle en vroulike diere aangebied word.

"Getalle is nie ons dryfveer nie. Ons glo dat gehalte belangriker is en ons sal eerder minder diere wat aan die standaarde voldoen aanbied, as om getalle vol te maak. Ons is bekend vir die gehalte van die bulle op ons veilings, en ons wil hierdie reputasie geensins skaad nie."

'n Blik op die toekoms

André sê dit lyk vir hom asof die noordelike deel van die land besig is om 'n sentrum van gesogte genetika in eie reg te word. Die afgelope paar jaar het etlike gerekende stoettelers bulle by die studiegroep se veilings kom koop. "Die terugvoer vanaf telers is bemoedigend en ons glo die praktyk sal groei."

Voorheen het telers hoofsaaklik na die Vrystaat, KwaZulu-Natal of Mpumalanga gery vir gesogste genetika. "Ons waarneming en hoop is dat ons groep al meer as deel van die uitgelese groep vir voorkeurgenetika geag sal word. As 'n mens analogies van die wynroete in die Kaap kan praat, blyk dit dat Limpopo besig is om deel te raak van die 'Bonsmarabulroete'."

Die studiegroep se visie is om oor tyd as een van die top vyf stoettelers in die land gereken te word.

Die studiegroep bied elke jaar drie veilings aan.

Studiegroepaktiwiteite

Binne die studiegroep, sê André, word geen onderskeid gemaak tussen stoet- en kommersiële telers nie. Almal streef en werk saam na dieselfde doelwitte en geen individuele teler word bo die groepbelang geag nie.

"Die groot voordeel vir kommersiële telers is dat hulle skouers skuur met toegewyde mede kommersiële en stoettelers wat in die normale gang 'n studie van teling en genetika, asook huidige en toekomstige tendense in die bedryf maak. Hierdie inligting en beste praktyke word na die studiegroep gebring sodat almal daaruit voordeel kan trek."

'n Ander groot voordeel van lidmaatskap is dat lede op medeboere se plase kom en blootstelling aan alternatiewe telingsresultate, bestuurstelsels en praktyke geniet. Hierdie hoogs inspirerende stimulering veroorsaak dat lede nie stagneer in hul denke en bestuurspraktyke nie.

Lede vergader ongeveer sewe keer per jaar, waartydens relevante sake in die groep en die breër vleisbedryf bestudeer word. Biosekerheid, bemarkingstendense, dieregesondheid, veilingsbeplanning en sekuriteit is gereeld op die agenda. Hulle toer ook een keer per jaar na spesifieke gebiede waar top stoettelers besoek word.

"Biosekuriteit is een aspek wat al meer geprioritiseer word. Al ons lede se kuddes word aan gereelde toetsing vir beesbrusellose, tuberkulose, bek-en-klouseer, trigomoniase en vibriose onderwerp, aangesien dit siektes is wat die nasionale kudde bedreig.

"Ons beplan nou om ons toekomstige veilings op 'n plaas tussen Roedtan en Marble Hall aan te bied, waar ons die strengste moontlike biosekerheidsmaatreëls in plek kan stel en aan besoekers 'n uitsonderlike veilingsbelewenis kan bied." VP

Vir meer inligting, skakel André van der Heyde by 082 334 0491.

Voor veilings word elke plaas besoek en elke dier wat vir die veiling geoormerk is, word volgens die Bonsmarastandaard gekeur.